## 59 Die Doper roep langs die Jordaan




Maak reguit paaie vir die Heer,
laat iedereen hom nou bekeer,
sy hart van sonde rein laat was
as woning vir die Hemelgas!

O Heer wat uit genade red,
in Wie ons steeds ’n toevlug het,
nooit kan ons sonder U bestaan
maar slegs verkwyn en dan vergaan.

Strek uit u hande en genees,
laat daar vir ons gesondheid wees;
skyn helder lig! Herstel, o Heer,
die skoonheid van u skepping weer.

Lof sy die Seun van God, want Hy
het hier op aarde ons bevry.
Hom sal ons met die Vader prys
en met die Gees saam eer bewys.

Charles Coffin (1676-1749) Freylinghausen se Gesangboek (1704)